

## 1 PETRUS NO 2

## MENSE MET 'N LEWENDE HOOP

**1Pe 1:3-5 Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! In sy groot ontferming het Hy ons die nuwe lewe geskenk deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood. Nou het ons 'n lewende hoop (4) op die onverganklike, onbesmette en onverwelklike erfenis wat in die hemel ook vir julle in bewaring gehou word. (5) En omdat julle glo, word ook julle deur die krag van God veilig bewaar vir die saligheid wat reeds gereed is om aan die einde van die tyd geopenbaar te word.**

MENSE MET 'N LEWENDE HOOP IS MENSE...

- 1 WAT GOD LOOF
- 2 WAT WEDERGEBOORTE VAN GOD ONTVANG HET
- 3 WAT LEEF VANUIT JESUS SE OPSTANDING
- 4 WAT 'N ONBESKRYFLIKE ERFENIS HET
- 5 WAT VASHOU AAN GOD SE VEILIGE BEWARING



## SAAM-PRAAT-VRAE:

- 1 HOE HERKEN JY HOOP TEENoor WANHOOP? WATTER WOORDE/GESINDHEID/DADE ASSOSIEER JY MET HOOP EN WATTER WOORDE/GESINDHEID/DADE ASSOSIEER JY MET WANHOOP?
- 2 WAAR HET JY DIE AFGELOPE WEEK IETS VAN HOOP GEHOOR OF BELEEF ? (DEEL MET MEKAAR)
- 3 WAT IN DIE TEKSGEDEELTE HET JOU DIE MEESTE GERAAK ?
- 4 WATTER VAN DIE 5 KENMERKE WAARAAN MENSE VAN HOOP UITGEKEN KAN WORD BEMOEDIG JOU DIE MEESTE ? WATTER VAN DIE 5 SAL JY GRAAG MEER OOR WIL HOOR?
- 5 WAARVOOR WIL JY EN DIE GROEP SPESIAAL GOD LOOF NA AANLEIDING VAN DIE GEDEELTE ?



***Ons bid hierdie week vir die gemeente se bediening en dienswilligheid van lidmate***